**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I15 VOL.33 PG.1481-1487.

**SAAKNOMMER: CC 482/85** DELMAS

1986-02-24

**DIE STAAT** teen: **PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER**

**VOOR:** **SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST**

**ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL**

**PROF. W.A. JOUBERT**

**NAMENS DIE STAAT:** **ADV. P.B. JACOBS**
**ADV. P. FICK**
**ADV. W. HANEKOM**

**NAMENS DIE VERDEDIGING:** **ADV. A. CHASKALSON**
**ADV. G. BIZOS**
**ADV. K. TIP**
**ADV. Z.M. YACOOB**
**ADV. G.J. MARCUS**

**TOLK:** **MNR. B.S.N. SKOSANA**

**KLAGTE:** **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)**

**PLEIT:** **AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG**

---

**KONTRAKTEURS:** **LUBBE OPNAMES**

---

**VOLUME 33**

(**Bladsye 1481 - 1487**)

# J U D G M E N T

(PAGES 1481 - 1482 SENT FOR REVISION)

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

CASE NO. CC 482/85

DELMAS

1986-01-24

THE STATE

versus

PATRICK MABUYA BALEKA & 21 OTHERS

---

# J U D G M E N T

VAN DIJKHORST, J.: Mr McCamel I have seriously considered your position and you must understand that I have got a lot of sympathy for all the witnesses that testify in this case and that have to go back to their communities where often people are misinformed and polarised. I have attempted to consider the matter first of all from your point of view and secondly from the point of view of the administration of justice. I hold the view that from your own point of view it would be better for you to stand up and be counted as a leader in the community, speak out forthrightly and truthfully and say exactly what you have to say openly and there can then be no question of rumours as to what you may or may not have said because whatever happens in any event there will be rumours that you testified in this case.

Also from the community's point of view it is better for the community of Sebokeng that their leaders, and undoubtedly you are a leader, stand up and be counted and openly tell the truth as they see it. It is true that all leaders

of/.....

of the community always come in for a lot of criticism, be they political leaders, be they cultural leaders and even be they religious leaders or even be they Judges. That is the way things are and the highest trees catch the most wind. To what I have said to you one should add the following and that is that the administration of justice, unless there are clear exceptions to be made, has to be in open court. There is a good reason for this and the reason is that the public as a whole should know exactly what is going on in a court before a judgment is passed.

Now having said this I request your co-operation and I assure you that in my view from your own point of view this decision of mine that your evidence be conducted in open court is the best, and do not think that this Court is without sympathy for your situation. Mr Bizos I accept that the cross-examination will be conducted in such a way that there will be no reaction from the community upon statements made by him. That as far as I am concerned should be understood.

---

MR BIZOS : My Lord, I want to give Your Lordship the assurance that we are mindful of the witness's position and certainly we will conduct ourselves in the manner which will not in any way indicate any feeling of hostility or anything that will come about. We are not unmindful of the difficulties that witnesses are in, especially those who have been in detention and have to go back to their community and I want to give Your Lordship that assurance.

COURT : There is one further consideration, Mr MacCamel and that is that after you have given evidence you can squarely face anybody in your community and tell him outright what happened in court, what was said and that if he has the wrong impression, you can correct him, which you would otherwise not be able to do.

LORD ELDORADO RIGHTEOUSNESS MacCAMEL, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. HANEKOM : Ek vra dat die Hof die getuie waarsku in terme van artikel 204 van die Strafproseswet. Hy sal gevra word om te antwoord op vrae wat hom kan inkrimineer. Dit is vir die misdrywe soos in die akte uiteengesit.

HOF : Mnr. MacCamel, in hierdie saak staan die beskuldigdes tereg op ŉ aanklag van hoogverraad, aanklagtes van terrorisme, subversie en ook aanklagtes van moord. Die aanklaer beweer dat van u getuienis u mag inkrimineer op sekere van die aanklagte. U is verplig om alle vrae te beantwoord, selfs al sou die antwoorde daarop u inkrimineer. Indien u eerlik en opreg die vrae beantwoord, sal ek u aan die einde van die verhoor kwytskeld van vervolging op enige van die aanklagte.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. MacCamel, het u ŉ paar weke voor 9 Oktober 1983 bewus geword van die feit dat ŉ massavergadering gereël was vir 9 Oktober 1983? -- Ja, dit is so.

... / Hoe

Hoe het u bewus geword daarvan? --'n Paar dae voor die dag van hierdie massavergadering was daar plakkate gewees wat opgesit was as uitnodiging tot die gemeenskap om die betrokk vergadering by te woon.

Ek wil net aan u twee plakkate toon. Dit is BEWYSSTUKKE AN(3) EN AN(5).

HOF : Dit word genotuleer dat AN(3), wat nou uit twee dele bestaan, in die oorspronklike een groot geheel is met die eerste gedeelte bo en die tweede onder.

MNR. HANEKOM : Herken u die plakkaat AN(3)? -- Ja, ek herken dit.

Is dit een van dié wat die vergadering geadverteer het? -- Ja.

En AN(5)?-- Dit is ook een wat die vergadering bekend gemaak het.

Op die plakkate, veral op die grootte AN(3) staan dat hy uitgereik is deur die Vaal Action Committee. Het u toe u die advertensies gesien het geweet van so 'n komitee? -- Nie destyds nie.

Het u voor die vergadering op 9 Oktober, meer inligting gekry oor die vergadering? -- Ja, ek het 'n kennisgewing gekry.

Hoe het dit gebeur? -- Een van die mense wat die voorbereidings gedoen het van hierdie vergadering het my genader, naamlik Esau Raditsela. Hy het my kom vra of ek hierdie vergadering kan bywoon en as 'n seremoniemeester daar gaan optree.

HOF : As 'n seremoniemeester of as 'n voorsitter? -- MC.

Master of Ceremonies? -- Master of Ceremonies.

MNR. HANEKOM : Het u ingewillig? --Ja, na 'n gesprek tussen ons het ek ingewillig.

Het u navraag gedoen oor wat die doel van die vergadering was en wie dit gereël het? -- Ja, ek het hom gevra.

... / Na

Na aanleiding van my vraag het hy aan my gesê daar is baie klagtes tussen die gemeenskap en hierdie klagtes moet reggestel word. Dit is om daardie rede dat hulle besluit het om die gemeenskap bymekaar te roep dat die gemeenskap 'n besluit kom neem watter manier gevolg kan word of wat gedoen moet word om hierdie klagtes van hulle opgelos te kry.

Het Esau gesê wie die ander mense is wat saam met hom gereël het? -- Hy het nie spesifieke name genoem nie. Al wat hy aan my gesê het is dat daar sekere mense is wat saam met hom betrokke is wat ook bewus is van hierdie klagtes wat eintlik ook verlang dat dit opgelos moet word, sonder om die name van die persone te noem.

Het u hom gevra hoekom hy u nader om op te tree as seremoniemeester by die vergadering? -- Die rede daarvoor was omdat meeste van die tyd waar daar enigiets gedoen word en die mense het iemand nodig as 'n seremoniemeester, dan het hulle my gevra by die vorige kere. Dit is hoe ek dit ook aanvaar het. Eintlik het ek dit aanvaar aangesien dit nou eintlik 'n gewoonte is in die Vaal Driehoek dat die mense my versoek op daardie basis.

Het u Esau uitgevra oor hoe die aksiekomitee wat die pamflette sou opstel funksioneer, waar hulle hulle fondse vandaan kry ensovoorts? -- Ja, ek het vir hom gevra, aanleidend waarvan hy toe vir my gesê het dat die hulp wat hulle kry is van die UDF wat vir hulle voorsien van pamflette, want hulle het nie die geld om dit te doen nie. Hy het toe verder vir my gesê daar is rade wat hulle ook kry van die Soweto Civic Association.

HOF : Is dit nou advies? -- Dit is korrek, advies.

MNR. HANEKOM : Het hy gesê watter persoon of persone van UDF die advies gegee het? -- Hy het gesê die UDF help hulle

... / met

met pamflette en mense wat hulle met die advies help is dr. Motlana, Curtis Nkondo en ene Kgasago. Hulle is van die Civic Association.

Het hy uitgebrei op die advies wat hulle van die Soweto Civic Association ontvang het? -- Ons het nie diep daarop ingegaan nie, maar hy het vir my gesê hulle word advies gegee deur hierdie organisasie, hoe hulle te werk kan gaan met organisasies wat hulle miskien kan stig om sekere dinge reg te kry.

Het u daarna ingewillig om op te tree as seremoniemeester? -- Ja.

Op die dag voor die vergadering, 8 Oktober 1983, het u weer besoek ontvang van Esau Raditsela? -- Ja, in die geselskap van Curtis Nkondo vir die voorbereiding van die program wat gebruik gaan word, Sondag, die 9de.

Het u dit gereël by u huis of het hulle u êrens heen geneem? -- Ons is na Esau Raditsela se woning toe.

Wie was almal teenwoordig by sy huis? -- Ekself, Esau Raditsela, Curtis Nkondo, Edith Lethlaka, Dorcas Raditsela, Thabiso Ratsomo. Dit is al mense wat ek kan onthou wat teenwoordig was.

Mnr. Ratsomo, beskuldigde nr. 22? -- Dit is die een wat daar agter sit.

HOF : Staan op, asseblief? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Wat het daar gebeur by die woning? Het u 'n program uitgewerk vir die vergadering? -- Ons het dit bespreek, maar ons het dit nie op skrif gestel nie, want daar was nog van die sprekers wat moes geantwoord het of hulle teenwoordig gaan wees en hulle het nog nie geantwoord nie, waarop ons toe besluit het ons sal maar sien voor die vergadering begin.

Wat van die sprekers wat geadverteer was op die kennisgewi

... / van

van die vergadering? Dr. Motlana, Curtis Nkondo en Reverend Frank Chikane? -- Hulle het laat weet dat hulle teenwoordig gaan wees, maar hulle was nie al mense wat as sprekers daar beskou was nie. Daar was nog ander.

Is daar die dag besprekings gevoer oor as daar by die vergadering besture gekies moet word, die volgende dag, hoe dit gedoen sou word, hoe dit gereël sou word? -- Ons het eintli die hele vergadering bespreek, hoe die vergadering gehou sal word. Met dit het ons verskillende aspekte van die vergaderin bespreek. Met daardie besprekings het ons tot by hierdie punt uitgekom waar ons begin praat het oor mense wat gekies moet word moet mense wees wat belangstelling gaan toon, wat dan in staat sal wees om die pligte uit te voer.

Is daar gepraat oor 'n metode om hierdie mense verkies te kry? -- Ons het dit nie breedvoerig bespreek nie, want Esau Raditsela het alreeds vir ons gesê dat hy nou 'n bietjie gekyk het en gesien het hoe die ding gedoen kan word.

Hoe het hy gesê hoe kan die ding gedoen word? -- Byvoorbeeld deur te sê dat hy sal toesien dat regte persone gekies word. Hy het toe verder gesê dat die mense wat voorstelle gaan maak van die mense se name wat gekies moet word, sal op 'n sekere manier moet sit sodat hulle maklik sigbaar kan word, sodat as hulle daardie naam byvoorbeeld noem, dat hulle maklik uitgewys kan word of 'n voorstel van 'n naam te gee.

Het Esau vir julle daar teenwoordig gesê of hy al stappe gedoen het in hierdie rigting? -- Nee, hy het dit nie genoem nie.

Is u toe uiteen?-- Ja.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 25 FEBRUARIE 1986.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-5-33**
*Document Title:-* **Vol 33 p 1481-1487. Witness: MacCamel**